Eskom Omgewingsimpakstudie (DOS-verw. nr.: 12/12/20/944) vir 'n beoogde kernkragstasie en verwante infrastruktuur

Hersiene konsep-omgewingsimpakstudieverslag (vir hersiening en kommentaar deur die publiek)

Geagte Geïnteresseerde en Belanghebbende Party (B&GP)

Aangesien u 'n geregistreerde belanghebber is, wil die omgewingsevalueringspraktisyn (OEP) (GIBB) u graag in kennis stel dat die hersiene konsep-OIS-verslag vanaf **09 Mei 2011 tot 23 Junie 2011 (met ander woorde vir 45 dae)** vir besigtiging en kommentaar beskikbaar sal wees.

Ons sluit hierby in (a) 'n opsomming van die Hersiene Konsep-OIV, (b) 'n kommentaarblad en (c) 'n brief wat die beskikbaarheid van die Hersiene Konsep-OIV bekend stel. Die volledige weergawe van die hersiene konsep-OIV (gedruk en op CD) sal beskikbaar wees by sekere openbare plekke soos uiteengesit op bladsy 3 van hierdie brief (volgens provinsie gegroepeer). Die Hersiene Konsep-OIV sal ook op die volgende webwerwe beskikbaar wees:

- Eskom webwerf: www.eskom.co.za/eia onder die "Nuclear 1-Generation"-skakel
- Arcus GIBB webwerf: http://projects.gibb.co.za/ onder die "Nuclear 1 EIA"-skakel

Neem asseblief kennis dat kommentaar skriftelik ingedien kan word VOOR 17:00, 23 Junie 2011 deur enige van die volgende kanale (**let asseblief op die veranderde kontakbesonderhede**):

- Per pos: Kantoor vir Openbare Deelname, Nuclear-1-OIS, Posbus 3965, Kaapstad, 8000
- Per telefoon: 021 469 9180 (Kantoorure: Maandag tot Vrydag 09:00 tot 13:00, openbare vakansiedae uitgesluit).
- Per faks: 021 424 5571
- Per e-pos: nuclear1@gibb.co.za

Alle B&GP's word genooi en aangemoedig om openbare vergaderings by te woon waar bevindings oor die hersiene konsep-OIV aangebied en bespreek sal word.

Dankie aan almal wat tot op datum aan die OIB-proses deelgeneem het asook diegene wat tyd sal inruim om die Hersiene Konsep-OIV te besigtig, kommentaar te lewer en vergaderings by te woon.

Die uwe

Nuclear-1 Openbare Deelname Administrateur